

HOOFSTUK 1


TAAL

1. knertsie
2. stootwaentjie
3. paniekerig
4. springclean
5. diskussie

BEGRIPSVRAE

1. Willem se goed is op plekke waar hy dit nie wil hê nie. Volgens hom onthou hy waar alles was in sy deurmekaar kamer.
2. 2.1 . . . alles wat goed, volop en perfek is; die beste plek. [Die oorsprong is Kanaan in die Bybel]
2.2 Nee.
2.3 Hy is baie swak in wiskunde.
Hy moet rugby speel en wil dit glad nie doen nie.
3. Coenie is die **oudste** van die seuns en hy is in **graad twaalf** [matriek]. Dan is daar **Franna**, wie se regte naam eintlik Francois is. Hy is in **graad elf**. Willem is die **jongste** van die seuns en hy is in graad agt. Die baba is hul sussie; haar naam is **Lydia**.
4. Hulle stry oor wie die skottelgoed moet was en oor wie die gras moet sny.
5. Hy is die eienaar van 'n slaghuis.
6. 6.1 Hy moes die brief aan sy ouers [ma of pa] gee.
6.2 Hy was bang om die brief vir sy pa te wys, omdat dit gaan oor sy swak wiskunde-uitslae.
7. Hy wil hê hulle moet hom in sy besigheid help.

HOOFSTUK 2



PAS DIE VERKLARING BY DIE UITDRUKKING

1. D: nie die slimste in die wêreld nie.
2. C: 'n goeie persoon wees; altyd goed doen.
3. B: nie in staat om iets goed te doen nie.
4. A: rigting gee; die regte pad wys.

BEGRIPSVRAE

1. 'n Blaasinstrument soos 'n trompet, tuba, tromboon of kornet. Hulle pa spot dat dit 'n "beuel" is.
2. Hy sien baie sleg en moet 'n dik bril dra.
3. Nee. Die geluide is vals en dit laat Willem kreun, so min hou hy daarvan.
4. 4.1 "Ek dink nie die kind is die skerpste potlood in die pakkie nie"
4.2 "Almal weet seker al teen dié tyd, die *Pretoria News* ook."
5. Lydia.
6. Hy steek sy sigarette in sy kamer weg en Willem "vermoed dalk nog iets anders ook" (volwasse/naaktydskrifte).
7. In die koevert was "tydskrifte van vrouens wat nie baie klere aanhet nie".
8. Dan hoef hy nie wiskundeklas toe te gaan nie.
9. Hy moet ekstra wiskundeklas neem. Hy moet die kunsklas bywoon.
10. 10.1 Hy antwoord dat hy 'n argitek wil word.
10.2 Daar was daardie oggend 'n koerantplakkaat voor die skool opgesit van 'n bekende argitek wat gesterf het.
11. Hy dink dat hy dan heeltemal te veel werk sal moet doen.
12. Hy was skepties en het gedink dat Willem nie eintlik kan teken nie.
13. Hy besef niemand sal verwag dat hy alles sal kan bybring nie. Hy sal dus kan motiveer dat hy iets moet los, soos die rugby wat hy in elk geval haat.

HOOFSTUK 3

TAAL

Jy sal moet vinger trek - B: Jy sal hard moet werk
Voete se kop kap aan - C: Hy is mal; hy het 'n mal gedagte
Nie lus om in 'n gat te klim nie - D: Hy wil hom nie êrens wegsteek nie.
Hy is 'n regte vaak vis - A: Iemand wat verstrooid is; deur die blare

BEGRIPSVRAE

1. Tien kinders: sewe meisies en drie seuns.
2. Hy het gesê dat Willem moet oppas vir snaakse mense in die kunsklas.
3. Dit beteken dat die klas groter word. Meer kinders neem die vak.
4. Varkie, wat dik bril dra, gee hom 'n thumbs up. Mia gee hom 'n rooi toffie.
5. Hy kan sien sy is haar eie mens; sy is gemaklik met haarself, Sy trek aan soos sy wil, rook, ens. Al lyk sy weird, hou hy van haar.
6. Maties - Die studente wat studeer aan die Universiteit van Stellenbosch.
Matisse- Die Franse kunsskilder, Henri Matisse.

HOOFSTUK 4

TAAL

bargain - winskopie
handmade - handgemaak
frills - valletjies of tierlantyntjies
barbecue - braai / vleisbraai
day mother- dagmoeder

"Nie die kloutjie by die oor kry nie" - nie 'n goeie begrip hê van wat aangaan/gebeur nie.

"Slaan my dood" - 'n uitroep van verbasing

BEGRIPSVRAE

1. Pietie terg hom en spot hom dat sy ouers vier kinders het ("vier keer geseks het"); dit maak Willem baie kwaad.
2. Hulle ma wil goedjies [miskien geskenkpakkies] vir die dagmoeder stuur dat hulle sommer daar Lydia se verjaarsdag kan vier.
3. Hy voel hy en Lydia kry altyd die minste; die ander seuns kry alles wat hulle wil hê.
4. Coenie kry elke keer 'n nuwe bril [hoe slegter sy oë raak, waarsynlik]. Franna kry togs (toks, rugbystewels en klere) omdat hy rugby speel.
5. "Ek gaan jou eendag doodmaak! Morsdood!"
6. Ja. Hy is besig om letterlik te vertaal van Afrikaans na Engels.
7. - Hy raak kwaad vir Pietie Palworthy wanneer dié nie mooi praat van sy ouers nie.
- Toe Lydia "kakka" sê blameer Franna hom dat hy Lydia leer lelik praat.
8. Geld wat sy oupa gegee het: R30-00
Schalk betaal sy R5 terug R 5-00
Totaal: R35-00
Prys van die pastei - R10-00
Totaal: R25-00
Lydia se poprokkie: - R23-50
Willem het slegs : R 1-50
9. Sy voel dat hulle die geld liever moet gebruik om 'n ekstra badkamer te bou.
10. Hy word blind kwaad en gooi vir Franna met sy broodrolletjie.
11. Hy moes die aand in sy kamer bly.
12. Dit is 'n blou rokkie met wit blommetjies en 'n paar valletjies.
13. . . . dit 'n geleentheid is om Willem te terg dat hy meisierig is en met poppe wil speel.

HOOFSTUK 5

WOORDESKAT

- A bandsaag [bandsaw]
- B kasregister [till]
- C parkeerterrein

BEGRIPSVRAE

1. Blou Bul-slaghuis
2. Hy moet baie vroeg opstaan Saterdagoggende.
3. Vyf jaar.
4. Dit kan beteken hy was oorbodig by sy werk; dus moes hulle hom uitbetaal. Hy kon ook dalk vroeg afgetree het.
5. Hy spot met hom en skep die indruk dat Willem hom meisieagtig gedra.
6. Alesea, oom Ravi se dogter.
7. Hulle ry met hulle fietse slaghuis toe want hulle wil nie saam met Willem en hulle pa met die bakkie ry nie.
8. Alesea is eintlik Engelssprekend; wanneer sy Afrikaans praat, klink haar aksent swaar. Angelique se aksent is aangeplak of vals; sy sit aan.
9. kitaar
10. Ja. Hy let elke klein besonderheid van haar op: haar hare, vel, oë en die klein goue dingetjie in haar neus. Sy laat hom dink aan klein, rustige branders op die see.

KRIPTOGRAM

WILLEM POPROK SPEEL RUGBY

Dit is waar. Nee, Willem wil nie eintlik rugby speel nie.

HOOFSTUK 6

"Mac the knife" kom uit 'n blyspel, "The Threepenny Opera".

TAAL

1. ronde
2. rondte
3. vrek
4. drieë
5. stadion

BEGRIPSVRAE

1. Twickenham
2. Oos-Transvaal
3. Sy het 'n plastiekmotorfietsie gekry.
4. Nie eintlik nie. Sy steek haar voet daarin en trek dit later oor die hond se kop.
5. C: het vir die Blou Bulle rugby gespeel.
6. Die seuns is verbaas en Grobbies lyk "van stryk gebring". Niemand het verwag dat die juffrou so streng gaan wees en die leiding oorneem by Grobbies nie.

HOOFSTUK 7

TAAL

1. . . . 'n lafaard is, of te bang om te waag.
2. . . . sommer net enigiets glo nie.

BEGRIPSVRAE

1. Die Pa van die Jaar
2. Die prys is 'n reis na die Okavango vir 'n gesin van vyf.
3. Dit verwys na iemand wat standvastig is, iemand op wie 'n mense te alle tye kan vertrou.
4. Hulle moet redes gee waarom hulle dink hulle pa verdien die titel "Pa van die Jaar".
5. Die reis en verblyf is gratis. Die wenner word per vliegtuig na die Okavango geneem. Dit is baie moontlik dat hulle nog nie voorheen daar was nie.
6. Die kompetisie is slegs vir vyf lede van 'n gesin, en omdat sy die jongste is, moet sy liever agterbly.
7. Sy wen elke jaar die redenaarskompetisie.
Sy is 'n A-kandidaat.
8. Hy roer Franna se koeldrank met sy vuil vinger.
9. Hulle en hul pa moet dan vir 'n onderhoud gaan.
10. Marietjie is slim, en sy kan hulle opstelle oor hul pa verfyn/oorskryf en dit sommer baie mooi laat lyk.
11. Leerder se persoonlike respons. Willem se pa kom baie tradisioneel voor en sal nie hou van Willem se idee om sy hare te laat afskeer en 'n oorbel te laat insit nie.

HOOFSTUK 8

PRE-LEES

Leerdere se persoonlike respons

TAAL

1. deadline
2. actually
3. voorlegging
4. kamerade

BEGRIPSVRAE

1. Coenie - Sy pa dra die gemeenskap se belange op die hart
Franna- Sy pa het al met drie mans gestoei, al het hy nogal baie bier gedrink
Willem - Hy sê sy pa support die Bulle in lewe en dood.
2. normaal
3. Hulle moet elkeen iets skryf, dan voeg sy dit saam in een opstel.
4. Ja.
5. "Ek het julle goedjies so bietjie opgetert."
6. Doktor Schoeman. Sy bynaam is oom Schoemies.
7. Bokkie
8. Juffrou Blom. Nee, Willem dink die kans is goed dat hy in die onder 14 C-span sal wees.
9. Sy gaan baie streng wees. Hulle het waarskynlik gedink vrouens kan nie rugby afrig nie.
10. "Meetkunde. Nou daar's vir jou 'n avontuur van onmeetbare proporsies!"

HOOFSTUK 9

TAAL

1. F jy stoor jou sportklere en -skoene daarin
2. E persoon wat hom vol draad hou; hardekoejawel.
3. D speserye (en kruie)
4. C sandloper
5. B jy druk onder die pale
6. G winkel by 'n skool wat kos en lekkergoed verkoop
7. A komper

BEGRIPSVRAE

1. Indië
2. Hy voel skuldig omdat hy haar kos so geniet. Die kos is vir hom lekkerder as sy ma se lekkerste kos en sy pa se skaappotjie. Hy voel heel moontlik verleë omdat hy sy Blou Bul-hempie aanhet (verplichtend vir hulle vir Saterdag se werk in die slahguis), en ook omdat hy skaam is vir haar. Dit is die eerste keer dat hy so baie van 'n meisie hou.
3. haker
4. Hulle moet bid en hulle moet 'n kreet hê (skree).
5. Hy wil vir sy pa sê dat hy nie meer rugby wil speel nie.
6. Willem se pa
7. Nee. Hy het die bal gekry en gaan druk, maar dit was op die 25m lyn.
8. 7.1 "Hy is vol draad; vat nie nonsens nie, want hy baklei sommer."
7.2 "Die grootste van alle groot gevegte het uitgebreek."
9. Franna. Die skeidsregter het hom afgestuur.
10. "Ek is klaar met rugby" [Hy het gesê hy wil nie meer rugby speel nie].
11. Franna dink dis die ergste om afgestuur te word. Sy pa dink dis niks, almal het dit al oorgekom.
12. Franna het hom voorgespring. Willem kan nou nie meer sê hy wil ook nie meer rugby speel nie.

HOOFSTUK 10

TAAL

Idiomatiese uitdrukking:

om kers vas te hou - om iemand te oortref, om die gelyke van iemand te wees.

Dus: as jy **nie kan kers vashou nie**, kan jy nie byhou of daardie persoon oortref nie.

BEGRIPSVRAE

1. Willem se pa wou bitter graag Springbok word, maar moes ophou speel nadat sy knie beseer is. Nou wil hy hê sy seuns moet speel. Sy seuns moet nou sý drome verwesentlik.
2. Sy sou ook graag 'n Springbok rugbyspeler wou wees. Sy sou graag op die veld wou uitdraf en saam met die span die nasionale volkslied sing.
3. 'n Mens moet daardie kans vat as dit kom.
4. Daar moet 'n foto van hulle pa wees, kop en skouers.
5. Hulle is besig om te studeer vir hulle toetse.
6. Coenie sal betaal vir die skandeer van die foto, as Willem gaan om die inskrywing per epos weg te stuur.
7. Hy sal die epos van sy vriend se huis stuur; op dié wyse kan hy die geld wat Coenie gegee het, vir homself hou.
8. A besluit om Marietjie se opstel se stuur want dit was baie mooi.
9. Nee. “. . . en hy voel oukei.” “Dis dan dit.”
10. Ja. Dit is hierdie opstel wat sal bepaal of Willem se pa as finalis aangewys sal word of nie. Hierdie handeling van Willem het dus die potensiaal om 'n wending in die storie te bring.

HOOFSTUK 11

TAAL

Coenie blaas die **beuel** (trompet, tromboon, tuba of kornet kan ook aanvaar word) omdat hy nie **rugby** kan speel nie. Hy is erg bysiende, wat beteken dat hy nie goed **sien** nie. Volgens Franna blaas hy vreeslik **vals**, en moet hy liewers nie eens dié instrument speel nie.

BEGRIPSVRAE

1. Lydia het in sy kamer ingekom, daarom het hy die koevert weer vinnig weggesteek.
2. "When the saints go marching in".
3. Ja. "Hulle ma maak snackwiches en sy kan nie voorbly nie." OF "Hulle ryg in so vinnig as wat die broodjies die tafel tref."
4. Hulle was geskok omdat die prentjies uit Franna se tydskrif geskeur is. Die prente was van naakte vroue. Hulle het geweet een van hulle, of almal van hulle gaan hieroor raas kry.
5. "Mooi tannie".
6. verskriklik kwaad
7. kaal bolyf
8. Hulle is geskok: Franna is spierwit, Willem is naar, Coenie maak of hy nie kan sien nie.
9. Hy het erken dat die prente syne is, of eintlik, hy het die storie vertel dat dit aan iemand in sy klas behoort. Hy hou dit net vir die persoon.
10. iemand wat help of wat meedoen (veral wanneer dit iets verkeerds is wat gedoen is).
11. Willem se pa wil met hom praat oor die "bytjies en die blommetjies", dus oor seks.
12. Hulle moes in hulle kamers bly.
13. Die "bargain wat nie wil skuif nie", is 'n karavaan. Die prys vir die kompetisie is 'n vakansie. Willem se pa wil graag sy gesin met vakansie neem en hy dink 'n karavaan-/kampvakansie is die ideale manier van vakansie hou.

HOOFSTUK 12

TAAL


1. inskrywings
2. belangstelling
3. pa's
4. waarvan
5. Mpumalanga
6. Hans
7. Blou Bul
8. stokblinde
9. interessante
10. regsgeleerde

BEGRIPSVRAE

1. Hulle oupa het eerste gebel.
2. Die meisie moes moontlik kom vasstel of 1) die waarheid gepraat is in die inskrywing en 2) watter soort persoon Hans van Vuuren is
3. Hy het dadelik uitgegaan om 'n Sondagkoerant te gaan koop.
4. Daar moet eers onderhoude gevoer word met die seuns en hulle pa's.
5. Sy was baie verbaas. Sy het gesê dat die seuns haar verras het.
6. "Julle het die mat onder my uitgeruk".
7. Hulle het haar verbaas.
8. Marietjie
9. Dokter Molefe, advokaat Conradie en mnr. Mahony van Johannesburg.
10. Hulle pa sê hy wil nie meer antwoord nie. Hulle ma moet sê hy is in die bad, of hulle moet die foon van die mikkie afhaal. Hy neem hulle dan uit om by die Spur te gaan eet.

HOOFSTUK 13

Waar elke karakter gestaan het in die slaghuis voor die eerste skoot afgegaan het: Willem was by die kasregister, maar die rowers het hom beduie om by Coenie en Franna agter die regterkantste toonbank te gaan staan. Hulle pa was "iewers agter" en dus nie in die voorste deel van die slaghuis toe die rowers binnegekom het nie.



BEGRIPSVRAE

1. Nee. Sy het elfuur reeds huis toe gegaan, soos sy elke Saterdag doen.
2. Die een het 'n swart bofbalpet aangehad. Die ander was heeltemal in swart geklee.
3. Nee. Hulle het doodluiters ingestap, in die yskaste gekyk en selfs 'n eisbein uit een gehaal.
4. Die oomblik toe Franna beweeg het om Coenie te help met die sak geld, het hy gevloek. Hulle pa het geval want hy het voor die seuns ingespring.
5. Franna het "Jou bliksem!" geskree en oor die toonbank gespring om by die ou met die pistool uit te kom.
6. Nee. "Pa, ek sal sluit en die geld bring en vir Ma bel."
7. Die "storie" is die aanval in die slaghuis. Hy het gedink daaraan om terug te keer Indië toe en die rooftog het daardie besluit maklik gemaak. Hy wil nie sy kind sien seerkry nie.
8. Hy het onwillekeurig opgetree. Hy wou sy seuns beskerm en was 'n held, omdat hy opgetree het sonder om aan sy eie veiligheid te dink.
9. Hy het ferm opgetree deurdat hy besluite gemaak het en leiding geneem het namens die gesin:
 - Hy het aangedring sy pa moet in die ambulans hospitaal toe gaan.
 - Franna moes saam met sy pa in die ambulans gaan.
 - Hy sê hy sal die slaghuis sluit en die geld veilig hou.
 - Hy en sy ma sal hulle daarna by die hospital kry.

HOOFSTUK 14

TAAL

1. sloesj-sloesj
2. afskeid
3. onderhoud
4. parkeerterrein
5. snare

VRAE

1. Sy is oom Ravi se vrou.
2. Hy sê dat Franna se hooikoors erger word.
3. Hy speel pool.
4. 4.1 Die slaghuis kry 'n veiligheidsdeur met 'n klokkie en daar is 'n rooi noodknoppie.
4.2 Die huis kry 'n alarmstelsel en die voorhek mag nooit oopstaan nie.
5. D. met vakansie gaan en gou terug sal wees vir die kompetisie se prysuitdeling.
6. Ja. Hulle het mekaar omhels en hulle pa het gesê "Ou Ravi", asof hy 'n baie goeie vriend is.
7. Nee. Sy huiwer, asof sy wil omdraai. Sy staan met 'n donkerbril, asof sy miskien haar tranes wil wegsteek.
8. Dis 'n baie hartseer liedjie.
9. Haar hande beweeg soos skoenlappers oor die kitaar se snare. Haar arms en bene lyk soos heuning.
10. Willem het nie besef hy sal Alesea nooit weer sien nie. As jy dit geweet het, sou hy by haar bly sit het.
11. Hy is baie mal oor haar en wil graag baie tyd saam met haar spandeer. Hulle sou dalk kon uitgaan as sy nie weggegaan het nie.

HOOFSTUK 15

TAAL

1. H Gewoonlik die een wat geklop moet word.
2. G Die mense wat besluit wie wen.
3. C Dinge moet nou afgehandel word.
4. F Ons kan niks meer doen daaraan nie.
5. E Hulle kan jou daar agter hoor.
6. D Die verspreiding van klank in 'n saal.
7. B Toestel wat beelde op skerm gooi.
8. A Jy kry nie koud met dit aan nie.

VRAE

1. Hy is nog nie weer dieselfde vreeslose Franna van voor die rooftog by die slaghuis nie.
2. In Johannesburg.
3. Hy dra 'n pers hemp, nuwe jeans en 'n windbreaker met "Flash", die elektriese besigheid langs die slaghuis, se logo daarop.
4. Die baadjie is lelik, daarom dink hulle aan iets dat hy dit moet uittrek.
5. a) sy sê haar pa is die een wat geklop moet word.
b) sy het sy pa beledig deur te sê hy lyk soos 'n lollipop.
6. Dit het duidelik gelyk of die ander beter is; dat hulle 'n voorsprong het.
7. Willem met iets doen met Ansie Conradie omdat sy hulle pa beledig het, dan sal hy hom nie weer Willem Poprok noem nie.
8. Deur met die beoordelaars te gesels kan hulle dalk subtiel beïnvloed word. Dit sal die deelnemers in 'n beter lig stel.
9. Hy het Ansie in die projektorkamer toegesluit.
10. Hy sê dat die slot vasgehaak het.
11. Nee. Sy het wantrouig na hom gekyk.
12. 12.1 Franna het moed verloor; terwyl hy altyd so sterk is en altyd weet wat om te sê.
12.2 Hy kon nie glo dat sy broer, van alle mense, sou vou nie; hy is totaal verbaas!
12.3 Die insident het hom diep geraak. Hy kon nie ophou dink aan wat sy pa gedoen het om hulle te beskerm nie.
13. Dis nou sy pa se beurt om met die beoordelaars te praat, en hoe hy lyk of wat hy sê sal nou deurslaggewend wees. Willem en sy broers het vooraf gedoen wat hulle kon.
14. Dinge kan nou maar gebeur soos dit moet; hy sal berus by wat ook al gebeur.

HOOFSTUK 16

TAAL

1. Jy hoef nie te betaal nie. Dit is verniet.
2. nommer een
3. beste
4. Vr.
5. die kompetisie **by** die Performer-teater sal wees. [Eng. **at**]
6. pa's
7. Sept. of Sep.

BEGRIPSVRAE

1. Die prys is 'n vakansie vir vyf mense in die Okavango.
2. Lydia
- 3.
4. Sangers wat opgetree het en liedjies oor die wonders van vaderskap gesing het.
5. Nee. ". . . maar daar is niemand wat Willem nou juis beïndruk nie."
6. Dokter Molefe was derde. Meneer Alex Mahony was tweede.
7. Sy was doodseker dat haar pa die wenner sou wees.
8. Nee. "Willem dink eers hy het verkeerd gehoor."
9. Ja, die karavaan het geskuif. Willem se pa het dit gekoop. Hoewel die oorspronklike prys toe nie meer beskikbaar was nie, kan die gesin nou almal saam (ook Lydia) in die oord in Bela-Bela gaan vakansie hou, en daarna naweke in hulle karavaan weggaan.

HOOFSTUK 17

BEGRIPSVRAE

1. Sy kug en vat ongemaklik 'n sluk van haar koffie.
2. Die hotel, wat die hoofborg was, het afgebrand. Ander hotelle wil nie die borgskap oorneem nie. Die koerant kan nie vir die vakansie betaal nie, want hulle winsmarges is “ernstig onder druk”.
3. Coenie en Franna is **verslae** en wil hê hulle pa moet **opstaan** vir hulle **regte**.
4. Hulle bied twee naweke by 'n binnelandse oord op hulle onkoste aan (Okavango is in Botswana), maar die gesin moet per motor daarheen reis.
5. Leerder se mening.